9 Desember **Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 9:5-15**
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 9:6

Met rente terug

Elke boer sal die lewenswaarheid van vers 6 bevestig: “Wie karig saai, sal karig maai; en wie volop saai, sal volop oes”. As jy saai, lyk dit of jy die saad weggooi, maar God gee met rente terug.

Hierdie waarheid is ook van toepassing wanneer ons vir die armes gee. Dit lyk of ons ons geld in die armkas weggooi, maar God gee met rente terug. Wat gee Hy terug? Nie soseer geld nie, want Hy sorg immers dat ons altyd genoeg aan stoflike gawes het. Nee, God gee met rente terug wat geld nie kan koop nie: geestelike gawes.

Die eerste gawe wat ons terug ontvang, is die onbeskryflike vreugde daarvan om ‘n gewer van God te kan wees. Hoe heerlik is dit om die blydskap in die lewe van armes, weduwees, weeskinders en ander hulpbehoewendes te sien; om te hoor hoe hulle God vir die uitkoms dank, en te weet: God het dit ook deur my nederige bydrae moontlik gemaak (verse 12,13).

Sekerlik die heerlikste beloning wat God teruggee, is dat ons sy Gees se werk in ons kan raaksien. Om met blymoedigheid te gee, is ‘n gawe van die Gees (Rom 12:8). As ek dit kan regkry om te gee, weet ek: dit is nie ek nie maar die Gees van God wat hierdie bereidheid in my bewerk het. Daarom kry ek geloofsekerheid met rente terug: God se Gees is in my. Hierdie rente is meer werd as al die rykdomme van die wêreld.

Sing: Psalm 126:3 Prof GJC Jordaan (Potchefstroom)